


IS DIE OUVOLK SE DAE GETEL?

J.H. van Wyk

Daar heers al lankal kommer oor die bewaringsbewustheid onder Suid-Afrikaners en dan word die Afrikaanssprekendes veral oor die kole gehaal. Binne die grense van die Vrystaat is daar 'n bekende akkedis, die ouvolk, *Cordylus giganteus*, wat in die vervolg sal moet staatmaak op die bewaringsgevoel van die Vrystaters. Wat is so besonders aan hierdie grilligerige, skurwe akkedis?




As ons kyk na die verspreiding van die ouvolk akkedisse dan tref dit dadelik dat hulle endemies tot suidoos-Transvaal en noordoos-Vrystaat is. Kortweg, behalwe die individue in dieretuine regoor die wêreld, kom hulle nêrens anders natuurlik voor nie. Wat meer is, na skatting is daar vyf keer meer ouvolk in die Vrystaat as in Transval, dit wil sê 80% van die totale ouvolk-bevolking is in die Vrystaat.

Volgens skatting is daar sowat 250 000 individue in die Vrystaat. Nou sal almal seker sê: "Maar bewaring is net vir skaars diere. Waaroor bekommer die man hom nou eintlik?"

Kyk ons na die habitat van ouvolk, dan let ons op dat hulle van die vrugbare graslanddele van die Vrystaat hou. Hulle woon in gate en die tunnel

van elke gat is gewoonlik 2,5 m lank en loop skuins af tot 'n diepte van ± 45 cm. Behalwe vir die landboupotensiaal van hierdie grond (byvoorbeeld mielies en sonneblomme) gaan





mynbouaktiwiteite in die toekoms toeneem (veral steenkool). By Amersfoort in die Transvaal word reeds 'n nuwe EVKOM-kragentrale met al sy bykomstighede gebou. 'n Gebied van 32 vierkante kilometer is betrokke, wat nog van al die nuwe paaie en spoorlyne? Volgens bronne word die bou van soortgelyke sentrales teen 'n tempo van een per jaar vir die volgende tien jaar in die vooruitsig gestel! Ironies genoeg, vind hierdie ontwikkeling binne die Transvaalse 20% ouvolkgebied plaas. Gelukkig is steenkoolmyne nog nie so algemeen in die Vrystaat nie. Hier by ons kom die grootste bedreiging vir die voortbestaan van die ouvolk vanuit landboukringe. Waar die aanplant van gewasse moet plek maak vir die tradisionele beesboerdery, bly die ouvolkhabitat in die slag. Ander aktiwiteite, soos die beroking van meerkatgate vir die bestryding van hondsdolheid mag 'n belangrike faktor wees aangesien ouvolkgate maklik verwar kan word met meerkatgate. Oувolk is ook hoog aangeskryf by toordokters en troeteldierehandelaars.

Hierdie paar feite dui duidelik genoeg daarop dat die voortbestaan van ouvolk in die toekoms kommerwekkend gaan word. Ek hoor al hoe skreeu die mense: "Nou moet ons weer donkiekar ry, by kerslig eet en sommer net honger ly en dit net vir 'n lelike ou akkedis" Hoegenaamd nie! Ek wil hê ons moet vroegtydig begin planne maak, sodat ons darem 'n paar ouvolk vir ons nageslag in sy natuurlike habitat kan bewaar. In hierdie verband kan die **boere** weer 'n belangrike bydrae lewer. Elke boer moet die ouvolk op sy plaas oppas soos sy duurste stoetdiere. Hy moet sy

plaaswerkers dienooreenkomstig onderrig. Hy kan ook die natuurbewaringsafdeling in kennis stel as daar nuwe landerye, damme of paaie op sy plaas gebou word waar ouvolkgate is.

Vir toekomstige **ontwikkelaars** vra 'n mens maar net om die voorbeeld van EVKOM te volg, deur vroegtydig alle betrokkenes in kennis te stel van hulle beoogde planne, hulp te verleen met die hervestiging van die betrokke diere, en grond wat nie gebruik word nie, af te staan as ouvolkreservaat.

Vir die **natuurbewaringsowerhede** vra mens net om nou al ondersoek te begin instel na die daarstelling van 'n ouvolkreservaat. Dit mag vergesog klink, maar oor 'n paar jaar gaan dit 'n werklikheid wees, en waarom wag tot dan?



Vir **bewaringsbewuste organisasies** wat fondse bewillig vir sulke navorsing, vra ons hulp om so spoedig moontlik navorsing te stimuleer om soveel as moontlik van hierdie diere te leer. Tot op datum weet ons feitlik niks van hulle leefwyse af nie!

In die lig van al die genoemde feite omtrent ouvolk het die Nasionale Museum in samewerking met die Vrystaatse en Transvaalse Afdelings Natuurbewaring begin met 'n groot navorsingsprojek oor die ouvolk. Ons hoop om sodoende meer te leer omtrent alle aspekte van die leefwyse van hierdie diere.

Hoekom maak ons nie die "Oувolk" die Vrystaatse Nasionale akkedis nie? ○